

Skrifgedeelte: Matteus 21:23-32

Teksverse: Matteus 21:28-32

Tema: Verander jou denke oor koning Jesus se heerskappy oor jou lewe!

Soms is dit snaaks om te hoor wat buitelanders van Suid-Afrika dink. Baie van ons het al die stories gehoor van, byvoorbeeld, Amerikaners wat dink dat daar leeus in ons strate rondloop of dat ons op olifante ry. Maar net só kan ons briesend kwaad word vir buitelanders wat valshede oor ons land glo, soos byvoorbeeld dat alles van apartheid sleg was óf dat alles van die Nuwe Suid-Afrika goed is.

Óf dit nou is dat buitelanders se denke oor ons land vir ons snaaks is óf dat hulle denke oor ons land ons kwaad maak, hulle denke het een saak in gemeen: hulle is in-kykers! Hulle kyk van buite ons land in op ons land en dan, alhoewel dit vir hulle dalk effens sin maak, is dit glad nie die waarheid nie. Hulle ken nie werklik ons land nie en hulle het nog nie werklik ons land beleef nie en daarom maak baie dinge van ons land nie vir hulle sin nie.

Net só gebeur dit dat sekere dinge oor die koninkryk van God nie vir ons sin maak nie - dit lyk vir ons vreemd en ons verstaan dit nie. Of dit gebeur dat ons sekere opdragte en beloftes van die Here ons eie wil maak en ander nie. En die rede hiervoor is dat ons dalk nog nie die koninkryk van God so goed verstaan soos wat ons veronderstel is om dit te verstaan nie. Wanneer dit gebeur, leer ons `n ontsettende belangrike les uit hierdie gelykenis van die twee seuns. `n Les wat ook van toepassing op ons is nadat ons Nagmaal gebruik het.

Hierdie les is dat ons net die koninkryk van God sal verstaan, wanneer ons ons denke oor Jesus Christus se heerskappy oor ons lewens verander. Ons sê en bely en bid dat Hy ons Koning en Verlosser is, maar dikwels bly hierdie belydenis net by woorde en gaan dit nie oor tot dae nie. Ongelukkig gebeur dit dat ons só ingestel is op die verstaan en verklaring van goed, dat ons nooit by die toepassing daarvan uitkom nie. In hierdie opsigte is ons slagoffers van ons samelewing, want ons lewe in `n intellektuele samelewing waar teorieë gevorm en hipoteses geformuleer word, maar die toepassing in praktyk bly agterweë.

As ons na hierdie gelykenis van die twee seuns kyk, dan wil dit vir ons lyk asof dit hier oor bekering gaan. Die eerste seun kry `n opdrag van sy pa, hy sê "nee", maar later voel hy sleg daarvoor en gaan doen tog wat sy pa vir hom gevra het. Daarteenoor kry die tweede seun dieselfde opdrag, hy stem in om dit te gaan doen, maar hy gaan doen dit nie – hy gaan nie oor tot dae nie.

Wanneer ons egter fokus op hierdie gevoel wat die eerste seun beleef, word dit duidelik dat dit nie hier oor bekering gaan nie – wel, nie bekering in die sin van `n ongelowige wat `n gelowige word nie. Wanneer `n ongelowige tot bekering kom is dit `n wonderlike daad van God deur die Heilige Gees. Dit is iets wat God doen en wat die mens dryf om homself voor die kruis van Jesus Christus neer te gooi. En regdeur die Nuwe Testament word daar `n baie spesifieke Griekse woord hiervoor gebruik – *metanoia*.

Wat die eerste seun hier beleef is iets heeltemal anders. Hy beleef *metamelomai*. Hierdie woord beteken in sy eenvoudigste vorm om anders oor `n saak te voel en te dink, omdat jy verstaan wat die gevolg van `n saak is. As ons hierdie woord nog eenvoudiger moet beskryf beteken dit "nasorg" en as ons dit in kerk-taal moet sê, kan ons sê "daaglikse bekering - heiligmaking". Dit gaan oor die emosie en die verandering in denke en optrede wat `n gelowige beleef omdat hy reeds God ken as die enigste, ware, lewende en regverdige God.

Juis dit is wat moet gebeur wanneer ons Nagmaal gebruik het! Wanneer ons nagmaal gebruik, kom ons opnuut weer in aanraking met die lewende Verlosser, Jesus Christus. Ons kom omdat ons ons lewe buite onself in Jesus Christus soek. En dit beteken dat ek nagmaal gebruik om daardeur versterk te word, sodat ek al hoe meer my verstaan en denke en optrede oor die koninkryk van God kan verander.

Maar hoe doen ek dit? Hoe verander ek my denke en emosies oor die koninkryk van God en hoe beweeg ek van 'n punt waar ek net praat oor die koninkryk van God na 'n punt waar ek die koninkryk van God leef? Dit is hier waar ons moet kyk na die optrede van hierdie eerste seun. Dit is deur sy voorbeeld te gebruik, wat Jesus Christus ons leer hoe ons kan verander.

Die eerste wat ons moet doen, is om te dink oor wat ons doen. Nadat die pa vir die seun die opdrag gegee het en die seun disrespekvol opgetree het deur nee te sê, het die seun gedink oor wat hy gedoen en gesê het. Om te dink oor wat jy doen hou in dat ek my optrede en gedagtes teen iets moet meet. Ek moet nadink oor hóé ek oor 'n saak dink en ek moet my afvra of my denke en optrede werklik reg en goed is. Is die manier waarop ek optree werklik tot eer van die Here? Is die manier waaroor ek oor 'n saak dink, werklik soos God oor 'n saak dink?

Kom ons gebruik 'n voorbeeld. In die Here se Woord hoor ons dat ons die opdrag kry om getuies te wees en dissipels van alle nasies te maak. Baie keer verstaan ons hierdie opdrag as 'n opdrag vir mense wat die gawe hiervoor gekry het of as 'n opdrag wat net vir sekere mense geld. Net só kry ons ook die opdrag van die Here dat ons almal wat vermoeid en belas is na Christus toe moet gaan en dat Hy vir ons sal rus gee. Nou sekerlik, is hierdie opdrag op almal van toepassing! Hierdie opdrag is tog nie net vir die mense wat 'n gawe hiervoor het nie. Werklik, my broer en suster? Onderskei die Here werklik só in sy opdragte? Nou begin ons om werklik te dink oor ons optrede en ons denke.

Die tweede stap is om ons denke en optrede te verander. Eenvoudiger gestel: ons moet ophou om ons verkeerde denke en optrede te regverdig! Ons moet spyt wees oor die feit dat ons verkeerd was en ons moet opstaan en die regte ding begin doen. Ons sien iets hiervan in die gelykenis van die verlore seun. Daar waar die jonger seun tussens die varke gesit het, het sy denke oor sy verhouding met sy pa en sy gehoorsaamheid aan sy pa verander en hy het opgestaan en na sy pa toe terug gegaan.

Om ons voorbeeld van vroeër uit te brei: wanneer ek dink oor die opdrag om dissipels van alle mense te maak, moet ek erken dat ek dikwels my ongehoorsaamheid probeer regverdig deur te sê dat ek nie die gawe daarvoor het nie. Dit terwyl God reeds aan my die Heilige Gees gegee het – ek is reeds toegerus! Of ek probeer my ongehoorsaamheid regverdig deur te sê dat ek nie daarvoor geroep is nie – terwyl Christus vir alle gelowiges gesê het dat ons die sout van die aarde en die lig vir die wêreld is. Ons is dit reeds! Dit is nie 'n opsionele roeping wat ons kry as ons lus is om dit te doen nie. Ons is sout, lig en dissipel-makers gemaak.

Die derde stap is om teenoor God en die wêreld te erken en te bely dat ons verkeerd oor die saak gedink en gedoen het. Weereens is die gelykenis van die verlore seun vir ons 'n treffende voorbeeld hiervan. Toe die seun opstaan en terug gaan na sy pa se huis toe en sy pa hom tegemoet hardloop, het hy teenoor sy pa erken en bely dat hy teen sy pa en teen God gesondig het.

Wanneer ons só ons verkeerde denke en dade teenoor die Here en die wêreld bely en erken, neem ons verantwoordelikheid daarvoor. Dan erken ons dat ons verkeerd is – ons neem eienaarskap van ons verkeerde denke en dade. Maar ter selfde tyd, en dit is ontsettend belangrik, gryp ons weer vas aan die kruis van Christus! Ons gryp vas aan Christus wat reeds vir hierdie sondes van ons gesterf het en reeds daarvoor betaal het. Ons gryp vas aan Christus en op hierdie manier soek ons dan ons lewe buite onself in Christus.

Die vierde stap is om dan wel die regte ding te begin doen. Wanneer ons bloot deur hierdie hele proses gaan en ons verander ons denke hieroor, maar ons gaan nooit oor tot dae nie, is ons nie anders as die Priesterhoofde en die Familiehoofde in hierdie gedeelte van Matteus 21 nie. Dit is wat ironies is van die Priesterhoofde en die Familiehoofde. Hulle het nooit erken dat Jesus Christus nie 'n leermeester en die Verlosser is nie – hulle wou net nooit aan Hom die respek en die eer bewys wat Hom toekom nie. Daar is baie voorbeelde waar hulle in stilte Jesus Christus se woorde aanvaar het, maar nooit het hulle dit gelewe nie.

Juis dit is die eerste verandering van denke wat ons opnuut moet maak: ons moet nuut dink oor die opdragte, beloftes en waarheid wat Jesus Christus aan ons verkondig. Ons moet nie bloot net sê dat dit God se Woord is nie. Ons moet dit leef! Dit is immers hoe jy erken dat die woorde en koningskap van Jesus Christus gesagvol oor jou lewe is – deur gehoorsaam te wees.

Dit is juis om hierdie rede dat Jesus Christus 'n besondere waarskuwing en vermaning vir ons gee in hierdie gedeelte. Wanneer ons nie gehoorsaam is aan sy opdragte nie, sal ons nie die koninkryk van God ingaan nie. Dit is wat hierdie woorde beteken wanneer Jesus Christus vir die Priesterhoofde en die Familiehoofde sê dat die tollenaars en prostitute eerder in die koninkryk van God sal ingaan as hulle, juis omdat hulle gedoen het wat hulle geglo het, nadat hulle Johannes die Doper se getuenis oor Jesus Christus gehoor het.

Hierdie woorde klink dalk hard en liefdeloos vir ons wat glo in 'n liefdevolle God, maar dit is nie! Hierdie waarskuwing is juis vol genade en liefde, want dit is juis uit liefde wat God ons waarsku en vermaan, want Hy wil nie hê dat een van ons verlore gaan nie. Ware geloof gaan oor tot ware gehoorsaamheid en dae van gehoorsaamheid. Só roep God ons op om nasorg te doen en daagliks te bekeer.

So, my broer en suster, watter denke en opinies oor God en die koninkryk van God moet jy verander? Waar is jy nog ongehoorsaam aan die wil van God? My liewe lidmaat, wat nog nie jou medegelowiges opbou deur jou gawes te gebruik nie, wanneer gaan jy bekeer en begin om jou gawes in die gemeente te gebruik? My broer ouderling, wat nie gehoorsaam is aan die opdrag om lidmate in jou groep te vermaan nie, hoe lank nog gaan jy agter daardie menslike vrees wegkruip terwyl jy 'n Goddelike opdrag ontvang het? En jy, my broer en suster, wat hier sit en elke week godsdienstige rituele uitvoer, maar nie in 'n lewende verhouding met Jesus Christus staan nie?

Hoe lank nog, my broer en suster, voordat ons ons hande gaan uitsteek na dié Hande wat aan die kruis vir ons sondes deurboor is? Hoe lank nog voordat ons werklik ons denke gaan onderwerp aan die Hoof wat deur dorings stukkend gesteek is? Hoe lank nog voordat ons werklik ons denke en lewe sal opoffer, sodat die lewe en dae van Jesus Christus sal duidelik word in ons lewe?

Amen